16 March 2006

News24.com Sake

Mynbedryf sukkel met regstellende aksie, toon verslag

16/03/2006 22:13 - (SA)

Jan de Lange

Die mynbedryf vaar aansienlik swakker as ander bedrywe met regstellende aksie en gaan gebuk onder 'n skrikwekkende uitvloei van vaardighede, het 'n personeelgroep in 'n navorsingstuk bevind.

Daar is ook 'n groot tekort aan vaardighede op professionele en tegniese vlak wat al hoe groter word weens 'n voortdurende uitvloei van vaardighede uit die mynbedryf na ander sektore omdat die mynbedryf as 'n ou, krimpende sektor beskou word.

Die tekort aan voorheen benadeelde personeel in professionele en tegniese beroepsvlakke is veral ernstig.

Die resultate van dié navorsing deur Landelahni, die land se enigste swart beheerde personeelgroep wat deur vroue bestuur word, sal ongetwyfeld met groot teleurstelling in regeringskringe ontvang word.

Die mynbouhandves waartoe in 2002 met die bedryf ooreengekom is, het uitdruklike teikens gestel oor billike indiensneming en vaardigheidsontwikkeling, wat duidelik nie bereik gaan word nie.

Net sowat 18% van diegene in topbestuursposte in die mynbedryf is swart, terwyl die gemid delde in ander sektore 23% is - volgens die jaarlikse verslag oor billike indiensneming van die departement van arbeid.

Die ergste verskil tussen die nasionale syfers en die mynbedryf is egter in professionele en middelvlak-bestuursgroepe, waar net 27% van die poste in die mynbedryf deur gekleurdes beklee word, terwyl die gemiddeld vir die land 53% is. Opleiding en vaardigheidsontwikkeling speel die grootste rol in dié posvlakke.
In die navorsing het Landelahni agtergekom dat die departement van minerale en energie, wat moet toesig hou oor die toepassing van die mynbou-handves, geen rekords gehou het van hoeveel mynbou-sertifikate uitgereik is van 2001 tot 2004 nie.

Die sertifikate is 'n kwalifikasie wat vereis word voordat iemand as 'n mynbestuurder aangestel kan word.

"In 2001 was 19% van diegene wat die sertifikate verwerf het uit die aangewese groepe en 81% was wit mans," sê me. Sandra Burmeister, uitvoerende hoof van Landelahni.

Die mynbouhandves het 'n teiken van 40% vir voorheen benadeeldes in alle bestuursposte gestel wat binne vyf jaar ná die aanvaarding van die handves in 2002 bereik sou word.

"Die data wys dat die mynbedryf van 2001 tot 2005 aansienlik stadiger as die res van die arbeidsmark op transformasie-vereistes gereageer het," sê Burmeister.
Net twee mynmaatskappye, Harmony en African Rainbow Minerals (ARM), het volgens haar hul teikens vir regstellende aksie behaal en in sommige ge valle oortref.

Die navorsings wys ook dat die getal ingenieurs wat jaarliks in Suid-Afrika gradueer, sedert 1998 deurlopend minder word in alle dissiplines, maar veral in ingenieursgrade wat op die mynbedryf betrekking het, soos mynbou-ingenieurs, elektriese en metallurgiese ingenieurs.

Die klein getal swart gekleurdes in die beroepe wat die mynbedryf betree, word vinnig weggelok na ander bedrywe, onder meer omdat die mynbedryf as 'n krimpende sektor beskou word en omdat die vergoeding vir sulke beroepe minder is as in ander sektore.